BESTUIWING / POLLINATION 2017

"Suksesvolle kommersiële bestuiwing verg samewerking tussen die byeboer en die produsent. Van die byeboer word verwag om heuningby-kolonies van 'n sekere standaard vir bestuiwing te verskaf, en die kwaliteit diens te lewer wat die produsent verwag. Dit word aanbeveel dat die produsent en die byeboer 'n geskrewe kontrak opstel, waarin die minimum standaard vir kolonies en prosedures vir kolonie-inspeksie, sowel as ander faktore soos die tyd van aflewering, kennisgewingsperiodes, toelaatbare plaagdodertoedienings en aanspreeklikheid in geval van nie-nakoming, beskryf word. Dit word aanbeveel dat die produsent vereis dat die byeboer by DAFF geregistreer is ('n wetlike bepaling) en ook 'n lid van die toepaslike Byebedryfsorganisasie (en dus onderhewig aan daardie organisasie se gedragskode) moet wees."

The above is a quotation (slightly adjusted) from the pamphlet "Commercial Pollination of Deciduous Fruit" which can be regarded as the most comprehensive information currently available on this subject for our local conditions in the Western Cape. The brochure (available in English or Afrikaans) is available in pdf format elsewhere on our website.

Ten einde waarde tot die bogenoemde toe te voeg, het die Wes-Kaapse Byebedryfsvereniging (WKBV) 'n inspeksie-stelsel op die been gebring om sy lede se voldoening aan die gestelde standaarde vir 'n behoorlike bestuiwingsdiens te kan verifieer. Die standaarde waaraan 'n byekorf moet voldoen om as bestuiwingseenheid teen betaling aan produsente aangebied te kan word, behels onder meer streng voorskrifte ten opsigte van die swermsterkte, die gesondheidstoestand daarvan en die hantering en toestand van die korwe om te verhoed dat bye uitlek tydens vervoer.

The above quality control system utilises WCBA accredited inspectors to investigate suspected sub-standard pollination services within a certain set of rules. It must be noted that WCBA members commit themselves to these standards when taking up membership annually and will carry a membership card to prove it.

Die **riglyn-tarief** vir 'n volledig gelewerde bestuiwingsdiens vir sagtevrugte in die Wes-Kaap wat aan die gestelde standaarde voldoen, is tydens die WKBV se AJV in Maart **2017** hersien en bepaal as **R745** (BTW uitgesluit) per korf per bestuiwing. Die berekening van hierdie syfer jaarliks word gedoen vir 'n tipiese stel parameters en bedryfspraktyk.

Die aanbevole maksimum beskikbaarheidsduur van korwe vir bestuiwing is onder andere soos volg per skof:

- Sagtevrugte (verder beperk tot tussen 10% blom en volblom) 14 dae
- Cucurbita, Groente-saadproduksie en Ander gewasse in Oop Lande 21 dae
- Gewasse onder Bedekking (bv Bessies) 14 dae

Please consult all the other relevant topics in this regard on our website for a lot more information.

P: *Bus/Box 1200, Bellville, 7535* ***T:*** *021 865 2050* ***M:*** *072 363 9478* ***E:*** *info@wkbv.co.za* ***W:*** *www.wkbv.co.za*